higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N5

12 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: JOERNALE

1.1 **KONTANTBETALINGSJOERNAAL – DESEMBER 2017**

Dok.nr.	Dag	Besonderhede en ontvanger	Fol.	Bank	Produksievoorraad	Lone	Diverse rekeninge
KB6	6	Onttrekkings		R7 000✓	R7 000✓		
KB8	8	Water en ligte		R4 000✓			R4 000✓
KB15	15	Versekeringspremie		R2 000✓			R2 000✓
KB18	18	Lone		R10 000✓		R10 000✓	
KB22	22	Cashgrow: krediteur		R8 000✓			R8 000✓
KB13	13	Tenten: krediteur		R10 000✓			R10 000✓
KB23	23	Onttrekkings		R4 000✓	R4 000✓		
				R35 000	**R8 000✓**	**R10 000✓**	**R14 000✓**

(17)

1.2 **KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – DESEMBER 2017**

Dok.nr.	Dag	Besonderhede	Fol.	Ontleding van kwitansies	Verkope	Debiteure	Diverse rekeninge
KO1	1	Lening		R40 000			R40 000✓
KO3	3	Versekeringsuitbetaling		R25 000			R25 000✓
KO4	4	Tjek van Taken		R10 000		R10 000✓	
KO5	10	Kontantverkope groente		R6 000	R6 000✓		
KO17	17	Kontantverkope groente		R18 000	R18 000✓		
				R99 000✓	**R24 000✓**	**R10 000✓**	**R65 000✓**

(9)

1.3 **KREDITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017**

Dok.nr.	Dag	Krediteure	Fol.	Totaal krediteure	Produksievoorraad	Diverse bedrae
KJ2	2	Tonton – kunsmis		R8 000✓	R8 000✓	
KJ9	9	Tonton – plaagdoder		R2 500✓	R2 500✓	
KJ11	10	Twotwo – perd		R3 500✓	R3 500✓	
				R14 000	**R10 500✓**	

(7)

Kopiereg voorbehou

DEBITEUREJOERNAAL – DESEMBER 2017

Dok.nr.	Dag	Krediteure	Fol.	Totaal krediteure	Produksievoorraad	Diverse bedrae
DJ7	7	Takeall		R2 000✓	R2 000✓	
DJ10	10	Tenten		R6 000✓	R6 000✓	
DJ19	19	Takenmarket		R15 000✓	R15 000✓	
				R23 000	**R23 000✓**	

(7)
[40]

VRAAG 2: ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN BOERDERYRESULTATE

2.1
- Solvensiekriteria
- Likiditeitskriteria
- Kriteria rakende netto waarde (3)

2.2 Syfers in finansiële state beteken nie veel voordat dit ontleed en geïnterpreteer is nie.✓ Ontleding en interpretasie stel die bestuur in staat om ingeligte besluite te neem.✓ Deur die ontleding van finansiële inligting word dit in prestasiekriteria verwerk, en interpretasie help om die prestasiekriteria te evalueer.✓ (3)

2.3
- Administratiewe koste per R100 BPW
- Werknemersvergoeding per R100 BPW
- Waardevermindering en herstelkoste per R100 BPW
- Koste van produksievoorraad per R100 BPW
- Bemarkingskoste per R100 BPW
- Totale PBA-koste per R100 BPW (Enige VYF toepaslike antwoorde) (5 × 1) (5)

2.4 2.4.1
- Vergoeding vir vreemde kapitaal per R100 BPW
- Vergoeding vir vreemde kapitaal per R100 NPI (2)

2.4.2 Vergoeding vir vreemde kapitaal per R100 BPW:

$$\frac{\text{Rente en grondhuur}}{\text{Bruto produksiewaarde}} \checkmark \times 100\checkmark$$

Vergoeding vir vreemde kapitaal per R100 NPI:

$$\frac{\text{Rente en grondhuur}}{\text{Netto plaasinkomste}} \checkmark \times 100\checkmark$$

(2 × 2) (4)

2.5 2.5.1 Die vuurproefverhouding vir 2017:

Bedryfsbates - voorraad✓
Bedryfslaste

= R45 000✓
R25 000✓

=1,8:1✓ (4)

2.5.2 Die hefboomverhouding vir 2017:

Netto waarde✓
Plaasskuld

= R680 000✓
R495 000✓

=1,37:1✓ (4)

2.5.3 Ontleding van samestelling van BPW:

	Totaal (R)	**% van totale BPW**
Gewasse	237 000	42,7%✓
Vee	318 000	57,3%✓
	✓**555 000**	**100%**✓

(4)

2.5.4 PBA-koste per R100 BPW:

PBA-koste × R100✓
BPW

= R296 000 × R100✓
R555 000 ✓

= R53,33 per R100 BPW ✓ (4)

2.5.5 NPI per R100 BPW:

NPI × R100✓
BPW

= R259 000 × R100✓
R555 000✓

= R46,67 NPI per R100 BPW ✓ (4)

2.5.6 Rente en grondhuur per R100 NPI:

$$\frac{\text{Rente en grondhuur}}{\text{NPI}} \times R100\checkmark$$

$$= \frac{R59\,000}{R259\,000} \times R100\checkmark$$

= R22,78 vergoeding per R100 NPI✓ (3)

[40]

VRAAG 3: HULPBEGROTINGS

3.1 'n Gedeeltelike begroting word gebruik om die relatiewe winsgewendheid ✓ of uitvoerbaarheid van 'n voorgenome verandering ✓ in die aktiwiteite van 'n landbou-onderneming na te gaan.✓ (3)

3.2
- 'n Gedeeltelike begroting verskil van die takbegroting omdat dit slegs die veranderinge in die koste behels. BPW bring 'n verandering in die landbouaktiwiteite mee.
- 'n Gedeeltelike begroting behels 'n verandering in meer as een produksietak en toon 'n styging of daling in wins. (2 × 2) (4)

3.3 Parametriese ontleding van die marge bo gespesifiseerde koste is wanneer 'n landbou-onderneming oorweging gee aan die uitwerking van die veranderende ✓ produkpryse en uitsethoeveelhede wat kan lei tot die verandering in die marge bo gespesifiseerde koste.✓ (3)

3.4
- Skatting van marge bo gespesifiseerde koste
- Maandelikse transaksievloei
- Kalender van aktiwiteite (3 × 2) (6)

3.5 **WINSDREMPELBEGROTING**

Jaarlikse vaste koste	
Versekering	= R12 000✓
Rentekoste	= R18 000✓
Waardeverminderingskoste	= R12 000✓
Totale vaste koste	= R42 000
Veranderlike koste per hektaar	= (R120 + R80) = R200✓
Kontrakteurskoste per hektaar	= R400✓
Winsdrempel	$X = \frac{\text{Vaste koste}}{\text{prys – veranderlike koste}}$ ✓ $= \frac{42\,000}{(R400 - R200)}$ ✓ = 200 hektaar✓

(9)

3.6 **GEDEELTELIKE BEGROTING**

BYKOMENDE KOSTE		**KOSTEBESPARINGS**	
Waardevermindering van stroper R200 000 – R25 000✓ 5 jaar	R35 000✓	Kontrak-oestery (R1 000 × 70)	R70 000✓
Rente R200 000 + R25 000 × 0,2✓ 2	R22 500✓		
Versekeringskoste	R12 000✓		
Subtotaal	R69 500✓		
Veranderlike koste (R150 × 70)	R10 500✓		
Totaal	**R80 000**✓		
		Daling in wins	R10 000✓
	R80 000✓		**R80 000**✓

(11)

3.7 Toekomstige waarde = I (1 + 1)*n✓

= R100 000(1 + 0,2)*2✓

=R144 000✓

Die belegging sal nie gebruik kan word om 'n motorvoertuig van R180 000 te koop nie.✓ (4)

[40]

VRAAG 4: KAPITAALBEHOEFTES, -VORME EN -BRONNE

4.1 Finansiering is die proses waarin 'n landbou-onderneming fondse vir belegging of vir gebruik in die onderneming verkry. (2)

4.2 Doeltreffende finansiering is beter as algemene finansiering want dit verseker dat die landbou-onderneming die regte vorm van kapitaal ✓ van die korrekte bronne verkry ✓ wat kwantitatief en kwalitatief by die kapitaalbehoeftes aanpas.✓ (3)

4.3 Tydelike kapitaal is 'n gedeelte van die bedryfskapitaal wat die landbou-onderneming van tyd tot tyd benodig, maar waarsonder dit kan oorleef.✓ Dit word in bedryfsbates belê. ✓

Permanente kapitaal is die kapitaal wat deurlopend in die landbou-onderneming beskikbaar is ✓ en in vaste en roerende bates belê word. ✓ (2 × 2) (4)

4.4
- Die streek en aard van die grond
- Produksietakke
- Grootte van die onderneming
- Die produksietegniek
- Die algemene beleid (5)

4.5
- Streke het verskillende klimaatstoestande, grondsoorte en reënval, wat verskillende kapitaalbehoeftes meebring.
- Die aantal produksietakke en die groottes daarvan bepaal die omvang van kapitaal wat benodig word. 'n Landbou-onderneming met baie produksietakke benodig meer kapitaal as 'n onderneming met net 'n paar takke.
- Groter landbou-ondernemings vereis meer kapitaal as kleiner ondernemings. Groter ondernemings is geneig om meer hulpbronne te gebruik en benodig dus meer kapitaal.
- Moderne produksietegnieke vereis meer kapitaal as eenvoudige en minder gevorderde produksietegnieke.
- Algemene beleid moedig die landbou-onderneming aan om kostebesparingsmaatreëls toe te pas as 'n manier om die vaste en roerende kapitaalbelegging te spaar. (5 × 2) (10)

4.6
- Leenkapitaal
- Gehuurde grond (2)

4.7 Landbou-koöperasies dien as 'n skakel tussen banke en plase.✓ Landbou-koöperasies help boere met produksiefinansiering vir primêre doeleindes.✓ Koöperasies behou retensiereg op die oeste.✓

Privaat persone bied verskillende soorte lenings, van korttermyn- tot langtermynlenings, en dit word gewoonlik deur familielede verskaf.✓ Privaat persone is meer tegemoetkomend en hulle lenings het minder streng voorwaardes.✓ Hierdie soorte lenings lei gewoonlik tot 'n gebrek aan finansiële dissipline van die boer se kant.✓ (2 × 3) (6)

4.8
- Erflatings, skenkings en bykomende verdienste
- Wins van die plaas
- Spaargeld
- Behoorlike gebruik van arbeid
- Bykomende nie-landbouinkomste (5)

4.9
- Bou van dipbakke
- Oprigting en herstel van heinings
- Bou van voerkuile en ander bergingsfasiliteite
- Watervoorsiening
- Aankoop van pompe en installasiekoste
- Kragvoorsiening (Enige VYF toepaslike antwoorde) (5 × 1) (5)

4.10 4.10.1 Onwaar.✓ Grond is die belangrikste kapitaalbate in landbou.✓ (2)

4.10.2 Waar✓ (1)

4.10.3 Onwaar.✓ Versekeringsmaatskappye bied lenings vir tydperke van 20 tot 40 jaar ✓ (2)

4.10.4 Waar ✓ (1)

4.10.5 Onwaar.✓ Verbandlenings kan gebruik word om 'n landbou-onderneming te vestig en vee aan te koop.✓ (2)

[50]

VRAAG 5: DIE FINANSIERINGSBELEID VAN 'n LANDBOU-ONDERNEMING

5.1 5.1.1 B
5.1.2 D
5.1.3 C
5.1.4 C
5.1.5 A

(5 × 1) (5)

5.2
- Om die onderneming se vorige kapitaalbehoeftes te assesseer, moet die boer die bewegings of neigings van sy/haar produksiekoste ✓ oor die afgelope jaar bestudeer, wat aan die uitgawekant van die inkomstestaat staan.✓ 'n Gemiddelde van die produksiekoste sal 'n akkurater skatting weerspieël.✓
- Om die onderneming se huidige kapitaalbehoeftes te assesseer, moet die boer die bate- en lastekante van die balansstaat vergelyk ✓ om te bepaal hoe hy/sy aan die grootste kapitaalvereistes voldoen het.✓ Die voorvereistes van 'n doeltreffende finansieringsbeleid kan ook gebruik word.✓
- Om die onderneming se toekomstige kapitaalbehoeftes te assesseer, moet die boer 'n geïntegreerde plaasbegrotingstelsel opstel ✓ met 'n produksie-, hoof- en finansieringsbegroting.✓ Die begrotingstydperk kan een jaar of langer wees, na gelang van die huidige grootte en samestelling van die plaas.✓ (3 × 3) (9)

5.3
- Vorige jaar se inkomstestaat
- Vorige jaar se balansstaat
- Vorige jaar se finansiële verhoudings
- Huidige balansstaat
- Huidige finansiële verhoudings (5)

5.4
- Potensiële netto plaasinkomste
- Lewens- en ander uitgawes
- Laste rakende inkomstebelasting
- Bestaande leningsverpligtinge
- Rentekoers en terugbetaalvoorwaardes van die voorgenome lening (5)

5.5
- Registrasie van verbande op eiendom
- Verkryging van retensiereg
- Dekking van kredietrisiko's met versekering (3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou